

Hoofstuk van die dag: Johannes 11

Toe sê Jesus vir haar: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?” (vers 25-26)

Hierdie is een van Jesus se sg. “Ek is”-uitsprake, wat teruggaan na Eks 3:14, waar God Homself aan Moses bekendstel met die Naam: “Ek is wat Ek is.” Jesus eien Homself dié Naam toe wanneer Hy sê “Ek is”, en stel Hom só as God self bekend. Hy vul ook die betekenis van dié Naam deur sy agt “Ek is”-uitsprake in die Johannes-Evangelie: “Ek is die brood wat lewe gee” (6:35,38); “Ek is die lig vir die wêreld” (8:12); “Ek is wat Ek is” (8:28); “Ek is die ingang vir die skape” (10:7,9); “Ek is die goeie herder” (10:11,14); “Ek is die opstanding en die lewe” (11:25); “Ek is die weg en die waarheid en die lewe” (14:6) en “Ek is die ware wingerdstok” (15:5).
Vir Marta sê Hy dus: Ek is God self. Glo in My, dan sal jy nie sterwe nie, al sterf jy ook. Want selfs al kom die dood jou haal, lewe jy tot in alle ewigheid voort by My.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026